EFFICIENT GROUP

DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

9 Februarie 2021

ARGUMENTE VIR EN TEEN 'N RYKDOMBELASTING

Soos ons weet is die staat se finansies so diep in die moeilikheid dat dit moontlik reeds in 'n skuldstrik is. Dit beteken dat die staat se uitgawes soveel meer is as sy inkomstes dat elke dag van die jaar meer as R2 miljard moet leen, en binnekort gaan leners nie meet bereid wees om aan die staat geld te leen nie.

Die regte ding is natuurlik vir die regering om minder geld uit te gee. Maar die probleem is dat sowat 21 miljoen mense elke maand 'n direkte inkomste van die staat ontvang – in die vorm van die verskillende toelae sowel as salarisse. Hierdie is die grootste uitgawe item en hierdie mense gaan kwaad word indien minder geld op hulle gespandeer word nie. Daarom is dit onwaarskynlik dat die demokratiese proses vir 'n regering gaan sorg wat minder geld gaan uitgee.

Dit beteken onvermydelik dat hoer belastings ons voorland is, ten spyte van al die nadele.

Behalwe dat ons teveel spandeer op staatsamptenare se salarisse, is die regering besonder korrup en grootliks onbekwaam, en hoer belastings sal net eenvoudig ook vermors word. Daagliks word ons herinner aan die skaamtelose geplunder van die staat deur die ANC regering. Daarom het diegene wat 'n belastingboikot voorstaan, sonder twyfel 'n goeie argument.

Maar daar is ook ander ewe geldige redes teen hoer belastings; ons belastinglas is reeds besonders hoog en ons betaal reeds op verskeie vlakke 'n hoe ekonomiese prys daarvoor, soos ons lae besparingskoers. Die samestelling van ons belastings is ook verkeerd met die klem op direkte belasting en te min klem op indirekte belastings.

Ten spyte van al die argument teen verdere belastingverhogings word 'n "rykdombelasting" deesdae al meer as 'n opsie genoem.

Belastings kan op verskeie maniere gegroepeer word. So byvoorbeeld kry mens direkte (soos op inkomstes) en indirekte belastings (soos BTW). Mens kry ook "progressiewe" belastings (soos persoonlike inkomstebelasting) en "regressiewe" belastings (soos BTW en "sondebelastings"). Verder is daar ook belastings op inkomste (soos inkomstebelastings) en belastings op kapitaal (soos kapitaalwinsbelasting).

Terloops, die kapitaalwins-gedeelte in kapitaalwinsbelasting is gewoonlik gedeeltelik "weggesteek" omdat inflasie die nominale waarde van bates (gewoonlik) laat styg waarop ook kapitaalwinsbelasting betaal word. 'n Gedeelte van kapitaalwinsbelasting is dus 'n belasting op inflasie wat beteken dat kapitaalwinsbelasting ten minste gedeeltelik ook 'n immorele belasting is want die belastingbetaler word belas op 'n fiktiewe "inflasie"-wins.

Behalwe kapitaalwinsbelasting, het ons ook 'n aantal ander belastings wat op rykdom – oftewel kapitaal – gehef word. So byvoorbeeld is daar oordrag-belastings (hereregte), eiendomsbelastings en ook boedelbelasting.

Tipies is 'n rykdombelasting 'n "balansstaat"-belasting waar die belastingbetaler se netto bates, bates minus laste, teen 'n sekere koers belas word. Die belangrikste bates van 'n normale belastingbetaler, sy huis en sy pensioenfonds, is ook deel van hierdie berekening.

Daar is heelwat argumente teen 'n rykdombelasting, soos vele lande alreeds uitgevind het en dit afgeskaf het. Van die nadele is dat dit rykdomskepping en gevolglik ekonomiese groei ondermyn, dis 'n besondere gekompliseerd en duur belasting en 'n belastingbetaler mag "ryk" wees maar het dalk nie die kontantvloei om die belasting te betaal nie.

EFFICIENT GROUP

DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

9 Februarie 2021

In die geval van SA is die fiskus desperaat vir meer geld, en Tesourie sal na enige halm gryp om meer geld in te vorder en daar is een strek argument ten gunste van 'n rykdombelasting in SA; ons besondere hoe vlakke van inkomste- en kapitaal-ongelykheid.

Die argument is dat indien ons "ryk" mense meer belas sal die verskil in inkomste en kapitaal tussen die rykes en armes verklein wat opsigself glo 'n dienstige doelwit is.

Maar hierdie argument het bitter min meriete. Die grootste gaping tussen "rykes" en "armes" is of jy 'n werk het of nie, werkloosheid is die belangrikste rede vir ons ongelykheid. Indien ons ernstig is om SA 'n meer gelyke land te maak dan moet ons die hindernisse in die plek van indiensneming, soos onvriendelike arbeidswetgewing, regstel.

Daar is ander redes ook waarom ons sulke skewe verdeling van rykdom en inkomste in die land het en die staat is direk daarvoor verantwoordelik. Mense met werk kry 'n salaris, maar mense wat vir die staat werk kry 'n besondere hoe salaris. Dit beteken dat die groot aantal staatsamptenare (sowat 2 miljoen indien jy die plaaslike owerhede en staatsbeheerde instellings bytel) wat grootliks teveel betaal word, 'n groot bydrae lewer tot die hoe vlakke van ongelykheid in die land.

Hierdie effekte kan veral gesien word in die inkomsteverskillende onder die verskillende rasse. Byvoorbeeld, onder swartes is ongelykheid heelwat hoer en is dit besig om verder toe te neem omdat die swart werkloosheidskoers hoer is as onder ander rassegroepe. Verder is die staatsdiens grootliks "getransformeer" wat verder tot die ongelykheid onder swartes bydra, om nie eers te praat van die effek van SEB nie!

Ek vermoed dat 'n "solidariteitbelasting" in die vorm van 'n verhoging in persoonlike inkomstebelasting ingestel gaan word want 'n rykdombelasting is om verskeie redes nie 'n goeie idee nie. Maar die onversadigbare versugting na meer geld deur die regering beteken dat 'n rykdombelasting moontlik wel eendag in SA ingestel gaan word.

Dalk is 'n belastingboikot nie so 'n slegte idee nie...

Dawie Roodt
Hoofekonoom van Efficient Group
dawieroodt@efgroup.co.za